education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2008

## MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
| **SENTRUM NOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

| **VRAAG 1.1** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | A | B | ~~C~~ | D | (2) |
| 1.2 | ~~A~~ | B | C | D | (2) |
| 1.3 | A | B | C | ~~D~~ | (2) |
| 1.4 | A | ~~B~~ | C | D | (2) |
| 1.5 | ~~A~~ | B | C | D | (2) |
| 1.6 | A | B | C | ~~D~~ | (2) |
| 1.7 | ~~A~~ | B | C | D | 2) |
| 1.8 | A | ~~B~~ | C | D | (2) |
| 1.9 | A | B | ~~C~~ | D | (2) |
| 1.10 | A | B | C | ~~D~~ | (2) |
| 1.11 | ~~A~~ | B | C | D | (2) |
| 1.12 | A | B | ~~C~~ | D | (2) |
| | | | | Marks | (24) |

| **VRAAG 1.2** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | B | ~~C~~ | D | E | F | G |
| 1.2.2 | A | B | C | D | E | ~~F~~ | G |
| 1.2.3 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.2.4 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |
| | | | | Marks | (4 x 2) | | (8) |

| **VRAAG 1.3** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | A | B | ~~C~~ | D | E | F | G |
| 1.3.2 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.3.3 | A | B | C | D | ~~E~~ | F | G |
| 1.3.4 | ~~A~~ | B | C | D | E | F | G |
| | | | | | | (4 x 2) | (8) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

## VRAAG 2

### 2.1 Vergelyk eetsteurnisse: Bulimie en anoreksie

| | BULIMIE | ANOREKSIE |
|---|---|---|
| 1. | Braak deur vinger in keel te steek✓ | 1. Uithongering✓ |
| 2. | Gebruik purgeermiddels na ooreet✓ | 2. Lae kalorie-inname met ‘n groot belangstelling in voedsel✓ |
| 3. | Obsessie met massa/gewig ( wil maer, mooi, fisies perfek word)✓ | 3. Vrees vir vetsug✓ |
| 4. | Min beheer oor eetgewoontes drang om baie te eet (“binge”)✓ | 4. Ontken eetprobleme✓ |
| 5. | ‘n Lae selfbeeld✓ | 5. Verwronge beeld van liggaam (voel vet, dog ondergewig)✓ |

ENIGE 3 (3 x 2) (6)

**Kennis LU 2.1**

### 2.2.1 Verduidelik wat diabetes is

‘n Oormaat glukose of suiker in die bloed ✓veroorsaak word deur ‘n tekort aan die hormoon insulien✓, wat glukose uit die bloed na die selle onttrek.✓ (3)

**Kennis LU 2.1**

### 2.2.2 Eetgewoontes van 'n diabetes-lyer

- Eet voedsel met min vet en cholesterol✓
- Gebruik sout spaarsamig✓
- Matige gebruik van suiker ✓
- Eet baie veselryke voedsel soos vrugte en groente✓
- Doen gereeld oefening✓
- Drink baie water✓ (6)

**Begrip LU 2.1**

### 2.3 Voedselsoorte wat help om anemie te voorkom

- Voedsel ryk aan yster✓
- Orgaanvleis (Lewer, hart en niertjies)✓
- Voedsel ryk aan vitamien B ✓
- Groen blaargroentes

(ENIGE 3) (3)

**Kennis LU 2.1**

**2.4.1 Voorbeelde van geneties gemanipuleerde gewasse**

- Stapelvoedsels ✓
- Bv aartappels,✓ rys, mielies en sojabone

(ENIGE 2 voorbeelde) (2)

**Kennis LU 2.7**

**2.4.2 Hoe verbouers, voedselvervaardigers en verbruikers kan baat by geneties gemanipuleerde voedsel**

- **Verbouers**

- GM gewasse verminder die gebruik van landbou chemikalieë✓
- Groter omset verseker groter wins✓
- GM gewasse het 'n groter weerstand teen insekdoders, dus groter opbrengs
- GM gewasse het 'n spesifieke toleransie teen weersomstandighede – kan dus in enige streek verbou word

(ENIGE 2)

**Voedselvervaardigers –**
GM produkte het 'n langer raklewe✓
GM produkte het beter eienskappe vir prossessering en vervaardiging
Laer pryse ondersteun verbruiker

(ENIGE 2)

**Verbruikers –**
Meer goedkoop produkte beskikbaar✓
Beter teksture en geure✓
Verhoogde voedingkundige en gesondheidsvoordele
Lae pryse – dus besparing

(ENIGE 2) (6)

**Begrip LU 2.7**

**2.5 Riglyne vir die behoud van 'n gebalanseerde dieet terwyl laktose intoleransie beheer word**

- Handhaaf 'n gebalanseerde dieet deur kalsiumryke voedsel in te neem ✓bv groen groente, vis met sagte eetbare bene.✓
- Vermy suiwelprodukte geheel en al om die intoleransie te beheer✓- gebruik sojamelk, klappermelk, rysmelk om die dieet aan te vul✓
- Gebruik laktase tablette✓ om die laktase aan te vul wanneer suiwelprodukte ingeneem word. (3 x 2) (6)

**Begrip LU 2.1**

**2.6 Hoe die voorkoming en beheer van die MIV/Vigs pandemie 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan verhoed**

- Minder huishoudings word geaffekteer – minder mediese uitgawes✓
- Minder persone verloor hul werk as VIGS goed beheer word.✓

- Meer huishoudings het 'n vaste inkomste✓want die broodwinner is gesond.✓

- Enige geskikte antwoord wat betrekking het op die voorkoming – 3 punte en beheer 3 punte
- Gevolgtrekking: MIV/Vigs het 'n noemenswaardige impak op die nasionale inkomste want dit dreineer die regering se fondse ✓omdat die regering gratis medikasie en voedselaanvullings (kospakkies en gefortifiseerde melk vir kinders) voorsien, en ook toelae voorsien aan behoeftiges om voedsame voedsel te koop.✓ (8)

**Evaluering LU 2.1** **TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: KLEDING**

**VRAAG 3**

**3.1 Simboliese betekenis van kleding**

**3.1.1 Beroep**

- Die aard van die beroep bepaal die keuse van die klere.✓
- Mense wat hande-arbeid verrig dra uniforms, oorpakke of verskillende kombinasies van ou klere by die werk.✓
- Vir kantoorwerkers is 'n goedversorgde voorkoms 'n belangrike oorweging by die keuse van klere, terwyl mense wat hande-arbeid verrig eerder klere kies wat veilig en funksioneel is.✓ (3)

**3.1.2 Status**

- Dit is 'n sosiale rol wat geïdentifiseer word deur kleding.✓
- Welgesteldes kan ontwerpersklere bekostig.✓
- Individue wat leiding neem bv staatsmanne en leiers in die samelewing dra klere wat by hulle status pas.✓ (3)

**3.1.3 Uniforms**

- Uniforms verpersoonlik die gedragsnorme waarvoor die draer aanspreeklik is.✓
- Die funksie van sommige uniforms is om die draer daarvan aan die kliënte bekend te stel.✓
- Gee 'n aanduiding van die draer se bevoegdhede.✓
- Uniforms wat deur geestelikes gedra word, verteenwoordig morele waardes en vertroue.
- Word gedra om uitgeken te word, bv dra die firma se logo. (3)

(ENIGE 3)

**Begrip LU 2.3**

**3.2 Waarom modieuse, jong volwassenes verkies om klere en bykomstighede met handelsname te koop**

- Dui finansiële sukses en status onder die jeug aan✓omdat 'n nuwe groep onstaan bv Adidas✓
- Gee die gevoel dat hy/sy behoort asook lojaliteit aan die handelsnaam✓bv sportklere dui sosiale groepe aan (Adidas, Puma, Nike)✓ want niemand wil uit die mode wees nie.✓
- Word geassosieer met goeie kwaliteit, egtheid, individualiteit en waardes.✓

(6)

**Toepassing LU 2.4**

**3.3 Riglyne vir die aankoop van nuwe klere en bykomstighede vir die werksomgewing**

- Maak 'n inventaris van alles wat op hande is en bepaal watter klere benodig✓ word en koop daarvolgens.✓
- Die bykomstighede moet pas by dit wat jy alreeds het.✓
- Vermy modegrille en bykomstighede wat gou uit die mode gaan.✓ Kies meer konserwatiewe, stylvolle uitrustings en bykomstighede.✓
- Kies tekstielstowwe met klein patrone wat beter meng-en-pas.✓
- Om bedrukte-, geruite- en gestreepte tekstiele te pas gebruik klein patrone wat dieselfde kleur het.✓
- Oorweeg 'n verskeidenheid in die meng-en-pas keuse.
- Koop items en bykomstighede wat jou persoonlike styl reflekteer, maar steeds by die werksomgewing pas.✓ (ENIGE 9) (9)

**Begrip en Toepassing LU 2.3**

**3.4 Klee met sorg vir 'n onderhoud**

- Pas aan om by werksomgewing te pas.✓Dra geskikte klere vir die werk✓want dit sal 'n professionele beeld skep.✓
- Dra klere wat positiewe eerste indrukke sal skep✓want dit sal die draer se goeie eienskappe uitbeeld.✓
- Trek netjies en konserwatief aan want dit sal aandui dat jy ernstig is oor die werk.✓kies kleurkombinasies met sorg.✓
- Moenie slordig aantrek nie want dit dui op traak-my-nie-agtigheid.✓Jy word beoordeel op die eerste indrukke.✓
- Gee aandag aan persoonlike versorging.✓Dit weerspieël 'n netjiese, geordende individu.✓ (ENIGE 8) (8)

**Begrip LU 2.3**

**3.5 Die impak van die produksie van katoen en wol op die Suid-Afrikaanse omgewing**

- Die verbouing van natuurlike vesels soos bv katoen vereis die gebruik van insekdoders wat besoedeling veroorsaak.✓
- Besproeiing, die gebruik van kunsmis, insekdoders, bleikmiddels en kleurstowwe (tydens vervaardiging) – gebruik baie water en veroorsaak ook besoedeling.✓
- Baie landbougrond word vir die verbouing van katoen gebruik dus is daar minder grond vir voedselverbouing beskikbaar. Dit het 'n impak op voedselsekuriteit.✓
- Die produksie en beheer van wolkwaliteit vereis die gebruik van bio-afbreekbare chemikalieë en verminder dus afsaksels (water vir die was van wol)✓
- Wanneer wolkledingstowwe verrot,✓ word gasse vrygestel wat bydra tot klimaatsverandering.✓
  **Gevolgtrekking:** Natuurlike vesels dra by tot besoedeling omdat insekdoders, kunsmis✓ en gasse wat vrygestel word die omgewing kan benadeel.✓

(8)

**Evaluering LU 2.7**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: BEHUISING EN MEUBILERING**

**VRAAG 4**

**4.1 Implikasies van die huur van 'n huis**

- Goedkoper✓
- Geen belegging✓
- Gee nie 'n gevoel van sekuriteit en onafhanklikheid nie✓
- Minder onderhoud van eiendom✓
- Kan nie veranderinge aan die struktuur aanbring sonder toestemming van die eienaar nie✓
- Besparingselement want belasting word nie betaal nie.✓

(ENIGE 4) (4)

**Kennis LU 2.5**

**4.2 Finansiële verantwoordelikhede van die huiseienaar:**

- Oordragskostes
- Verbandregistrasie
- Seëlreg
- Inspeksiefooi
- Kommissie vir agent
- Verhuisingskoste
- Telefoondiens-aansluiting
- Water en elektrisiteit
- Rente (ENIGE 4) (4)

**Kennis LU 2.5**

### 4.3 Elektrisiteitsbesparingsmaatreëls

| | **Elektrisiteitsverbruik** | **Besparingsmaatreëls** |
|---|---|---|
| 4.3.1 | Beligting in die huis | • Skakel lig af as jy nie in die vertrek is nie✓<br>• Gebruik energie besparende gloeilampe✓ |
| 4.3.2 | Kos kook | • Braai (buite) spaar elektrisiteit✓<br>• Gebruik die mikrogolfoond✓ |
| 4.3.3 | Verhitting van water | • Skakel plaat af aan einde van gaarmaaktyd.✓<br>• Verhit net genoeg water.✓<br>• Installeer sonpanele.<br>• Gebruik kouewatersiklus<br>• Gebruik tydskakelaar |

(3 x 2) (6)

**Begrip LU 2.6**

### 4.4 Huis - persoon wat huis wil huur moet huurooreenkoms lees

- Dit noem die presiese bedrag wat die huurder elke maand moet betaal.✓
- Dit noem die tydperk van huur✓
- Mag ook spesifiseer hoe lank kennis die huurder moet gee voordat hy/sy uit trek.✓
- Mag ook sekere reëls wat die huurder moet nakom bevat soos bv mag nie troeteldiere aanhou nie.✓
- Meld wie verantwoordelik is vir die onderhoud van die tuiste.✓
- Meld wie verantwoordelik is vir dienste. ✓ (6)

**Toepassing LU 2.5**

**4.5 TWEE kooptransaksies: voordele en nadele**

| Transaksie | Voordele | Nadele |
|---|---|---|
| Kontant✓<br><br>(1) | • Geen rente nie✓<br>• Kry produk as jy betaal het<br>• Kan afslag kry<br>(1) | • Groot bedrae geld is nie veilig nie✓<br>(1) |
| Bank krediet kaart✓<br><br>(1) | • Hoef nie kontant saam te dra nie✓<br>• Bankkoste is laag<br>(1) | • Die geld word later betaal✓<br>• Kan te veel spandeer as nie goed gekontroleer word nie<br>(1) |
| Berekoop | • Geen rente nie✓<br>• Paar weke om ten volle te betaal | • Ontvang goedere as ten volle betaal het.✓ |
| Huurkoop | • Paaiemente word oor 'n tydperk betaal.<br>• Kan dadelik die item gebruik. | • Rente is hoog<br>• Goedere kan gebruik of gesteel word voordat ten volle betaal is. |

(2 x 3) (6)

**Begrip LU 2.6**

**4.6 Riglyne tydens inkopies om rommel tuis te voorkom**

- Gebruik jou eie materiaal inkopiesak✓om rommel te voorkom.✓
- Koop produkte met minder verpakking✓ want dit beperk rommel.✓
- Koop melk in kartonne eerder as plastiek houers✓ want karton is bio-afbreekbaar.✓
- Koop onverpakte produkte in grootmaat eerder as verpakte produkte ✓want dan is daar minder verpakkingsmateriaal wat vermors word.✓
- Moenie enkelverpakkings gebruik nie,✓ want dit veroorsaak meer rommel.✓

(ENIGE 3 x 2) (6)

**Begrip en toepassing LU 2.6**

**4.7 Suid-Afrikaaners moet bydra om rommel te voorkom en te begin herwin**

- Behandel of verander rommel sodat dit hergebruik kan word.✓
- Druk blikkies plat om rommel te verminder.✓
- Herwinning skep werkgeleenthede.✓
- Bespaar geld want minder energie word gebruik om produkte te herwin.✓
- Bespaar hulpmiddels deur minder rou materiaal te gebruik, spaar dus geld en verminder besoedeling.✓
- Verbeter die kwaliteit van die lug en water want daar is minder afbraak en besoedeling.✓

**Gevolgtrekking:** Uit bogenoemde feite is dit duidelik dat rommel onooglik is,✓ en ook ‘n negatiewe effek het op gesondheid. ✓Deur te herwin kan Suid-Afrikaners baie geld bespaar en in ‘n skoon, gesonde omgewing woon.✓ (8)

**Evaluering LO 2.7**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E**

**VRAAG 5**

**5.1 Belangrikheid om 'n dienskontrak te teken**

- Dit dui aan dat ‘n besigheidsverhouding bestaan.✓
- Dit al die voorwaardes vir indiensneming tussen die werkgewer en werknemer aan wat moontlik in ‘n hof gebruik kan word.✓
- Dit meld die voordele bv siekteverlof, pensioenskemas en grieweprosedures aan.✓ (2)

**Kennis LU 4.2**

**5.2 Hoe die Arbeidswet voorsiening vir onregverdige diskriminasie en ontslag in die werkplek maak**

- Dit sit die regte van die werkgewer en werknemer in verband met onregverdige onstlag uiteen.✓
- Dit skep ‘n omgewing vir onderhandeling ✓wanneer daar onmin tussen verskillende partye is.✓
- Dit het die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie (KKMA) ✓tot stand gebring om geskille op te los.✓
- Gee redes vir ontslag✓bv wangedrag, onbevoegdheid as gevolg van siekte, onbevoegdheid as gevolg van swak werkverrigting en operasionele ontslag.✓ (Enige 4 x 2) (8)

**Toepassing LU 4.2**

**5.3 Eienskappe wat 'n jong entrepreneur moet hê om 'n suksesvolle besigheid te bedryf**

- Stiptelikheid en goeie tydsbestuur is baie belangrik✓om tyd effektief te bestuur.✓
- Moet innoverend wees: ✓innoverende idees sal die besigheid laat floreer.✓
- Eerlikheid: moet weet wat reg en verkeerd is✓ om die besigheid te beskerm (neem besigheids-etiek in ag)✓
- Harde werk en toegewydheid sal groter winste verseker.✓
- Moet goeie bestuursvaardighede soos goeie beplanning, organisasievermoë en beheer hê.✓ (ENIGE 4 x 2) (8)

**Kennis/Toepassing LU 4.2**

**5.4 Riglyne om verkope te verseker**

- Beplan deeglik en hou by die plan.✓
- Pas kwaliteitsbeheer toe om te verseker dat goeie kwaliteit produkte in aanvraag bly.✓
- Wees bewus van die verbruiker se behoeftes en ontwikkel die produk dienooreenkomstig.✓
- Verpakking moet aantreklik wees om verkope te bevorder.✓
- Pryse moet so wees om die verbruiker se aandag te trek.✓ (ENIGE 5) (5)

**Kennis LU 4.2**

**5.5 Kosteberekening van die verkoopprys van een produk**

- Akkurate totale koste ✓
- Advertensiekoste R24,00 (100x24c)✓
- Huur R72,00 (9x8uur)✓
- Totaal van ander uitgawes R603,00 [beginkoste R375 + produksiekoste R60 + verpakking R54 + huur R72 + advertensiekoste R24 + vervoer R18]✓

- Koste van een produk
- 100 minus beskadigdes 90✓
- Koste van een produk R6,70✓
- 20% van R6,70 R1,34✓
- Totale verkoopprys met 20% wins R8,40✓ R8,00 (afgerond) (9)

**Toepassing LU 4.3**

**5.6 Kriteria vir verpakking om verkope te bevorder**

- Gebruik die minimum hoeveelheid verpakking wat die produk effektief sal beskerm – verhoed dubbel verpakking want dit verdubbel die hoeveelheid afval.✓
- Die verpakkingsmateriaal dra by tot die aantreklikheid en beeld van die produk – die produk behoort sigbaar te wees.✓
- Verpakkingsmateriaal moet herwinbaar wees.✓
- Kies verpakking wat omgewingsvriendelik is.✓
- Die verpakking moet ekonomies en bekostigbaar wees.✓
- Dit moet maklik hanteerbaar wees.✓
- Gebruik bio-afbreekbare verpakking.✓ (8)

**Evaluering LU 4.1**

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou